Mediaverklaring
Verbruikersopvoeding
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
27 Julie 2011

Ouers moet leiding neem om aan 'n spaarkultuur in SA te bou

Is jou kinders onder die indruk 'n plastiekkaart kan enigiets koop wat die hart begeer en 'n OTM is 'n bodemlose put van geld? Of verstaan hulle hoe hard jy moet werk vir jou geld en hoe belangrik dit is om 'n gedeelte daarvan te spaar en te belê?

Peter Dempsey, adjunk- uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Beleggings in Suid-Afrika (ASISA), sê uit Suid-Afrika se treurige huishoudelike spaarkoers wil dit voorkom of ouers besig is om nog 'n geslag groot te maak wat waarskynlik ook nie sal spaar en belê nie.

"Suid-Afrika het nie 'n sterk spaarkultuur nie. Trouens, ons het een van die swakste huishoudelike spaarkoerse ter wêreld. Dit beteken ons as ouers spaar nie, met die gevolg dat ons kinders nie die belangrikheid van spaar insien nie."

Volgens die Suid-Afrikaanse Spaarinstituut (SASI) spaar ongeveer 72% van volwasse Suid-Afrikaners glad nie.

Dempsey sê die enigste manier hoe jy jou kinders gaan leer om geld wyslik te spandeer en om te spaar, is om deur voorbeeld te lei. "As geld jou baas is, is dit onwaarskynlik dat jou kinders sal grootword met die idee dat hulle geld se baas is," sê Dempsey.

"As jou kinders sien jy gebruik 'n winkelkaart om te koop net wat jy wil, sal hulle grootword met die idee dat om te koop sonder dat jy in werklikheid die geld het, die norm is. As dit die voorbeeld is wat jy stel, wys jy hulle aan die einde van die maand ook hoe angstig jy is omdat jy nie kan bekostig om al jou kaarte terug te betaal nie?"

Volgens Dempsey is een van die belangrikste lesse wat jy 'n kind kan leer dat geld nie aan bome groei nie; dit is iets waarvoor iemand gewerk het.

"Deur jou kinders alles te gee wat hulle wil hê en geld in die hand te stop sonder dat hulle dit verdien het, kweek jy 'n ingesteldheid dat geld iets is wat sommer in jou skoot val. Kinders sal net die werklike waarde van geld leer verstaan as hulle daarvoor gewerk het en as hulle net toegang het tot die geld wat hulle in werklikheid verdien het."

Dempsey moedig ouers aan om hulle kinders geldwys te maak deur hulle by die verdien-, spandeer- en spaarproses te betrek.

- Verduidelik aan jou kinders dat die geld wat jy gebruik om dinge mee te koop eers verdien moet word. Vertel hulle hoe jy jou geld verdien, maar jy hoef nie te verklap hoeveel jy verdien nie. 'n Jong kind sal waarskynlik die woord vinnig versprei en jou tieners sal van jou verwag om vrygewiger te wees. Eerder as om 'n bedrag te noem, verduidelik liewer dat jy genoeg verdien om die gesin se uitgawes te dek, en noem 'n paar voorbeelde.

- Betrek jou kinders by die begrotingsproses. Die goue reël is om eers te spaar en dan te spandeer wat oor is. Hiervoor het jy 'n begroting nodig. Dit is belangrik vir kinders om te besef hoeveel dit werklik kos om 'n huishouding aan die gang te hou en kinders op te voed. Probeer ten minste 10% van jou maandelikse inkomste spaar.

- Wanneer jy met 'n kredietkaart betaal, verduidelik aan jou kinders hoe jy 'n kredietkaart gebruik en wat die implikasies is.

- Bankkaarte is ’n onomstootlike feit en beskerm die gebruiker teen die risiko van groot hoeveelhede kontant met jou saamdra. Open vir jou kinders ’n bankrekening wat aan ’n debietkaart gekoppel is. Deponeer hulle sakgeld in hierdie rekening en moedig hulle aan om met die kaart te betaal vir aankope. Wys hulle die maandelikse bankstaat sodat hulle kan sien hoeveel geld hulle gehad het en hoeveel hulle uitgegee het.

- Om ’n spaarkultuur by jou kinders te kweek, open ’n spaarrekening en betaal dan elke maand die helfte van hulle sakgeld daarin. In die era van internet-bankdienste kan al die kinders se bankrekenings aan joune gekoppel word en neem dit net ’n paar minute om die inbetalings te doen.

- Dit is belangrik dat kinders leer hoe noodsaaklik dit is om reeds van jongs af lewens- en ongeskiktheidsdekking uit te neem. Gesels met hulle oor die feit dat jy vir hulle voorsiening gemaak het indien jy iets sou oorkom. Hoewel dit ’n onderwerp is wat die meeste mense liefs wil vermy, is dit belangrik om hierdie inligting met jou kinders te deel.

- Verduidelik ook aan jou kinders hoe belangrik korttermynversekering en ’n mediese fonds is. Wanneer iets gebeur en jy moet ’n eis instel, verduidelik die proses aan hulle. Dit sal hulle help voorberei vir die dag wanneer dit as jong volwassenes hulle beurt is om versekering uit te neem.

- Dit is weliswaar nie altyd maklik om beleggings- en spaarprodukte te verstaan nie. Vertel jou kinders wat jý geleer het, sodat dit eendag vir hulle makliker sal wees om hulle pad in dié wêreld te vind. As jy die dag besluit om ’n effektetrustrekening vir jou kinders te open of ’n uitkeerpolis uit te neem, sal dit ’n goeie idee wees om hulle reg van die begin af by die proses te betrek. Om in die geheim vir hulle geld weg te sit, mag dalk vir ’n aangename verrassing sorg wanneer hulle oud genoeg is om voordeel te trek uit die belegging, maar tensy jy hulle leer, berei jy hulle nie voor om die geld wyslik aan te wend nie.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar- en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingsbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).